



LANDELIKE VEILIGHEID - APRIL 2022

1.Plaasaanvalle en -moorde in die finansiële jaar 2021-2022

In die finansiële jaar 2021-2022 was daar 10 plaasmoord insidente in die Vrystaat, en 51 plaasaanvalle. Sewe plaasaanvalle was op kleinhoewes gepleeg, terwyl die res op plase plaasgevind het.

Drie plaasmoorde het plaasgevind in die Harrismith-area waar 2 opkomende boere en hul gesinne en 'n plaaswerker vermoor is. In die Fouriesburg-area is 'n opkomende boer en 'n besoeker aan 'n plaas ook vermoor, in die Vanstadensrus-area is werkers vermoor/geskiet asook 'n werker in die Qwaqwa-area. In die Bultfontein, Heilbron, Koppies areas, is produsente op plase vermoor. Dit wil voorkom asof daar in 5 van die 10 moorde 'n vuurwapen gebruik is. Sewentien (17) persone het slagoffers van plaasmoorde in die Vrystaat geword, waar in 2 insidente kinders/gesinne ook aangeval was. Vyf (5) van die moorde is oor 'n naweek gepleeg (Vrydae tot Sondag), terwyl 4 van die 10 moorde gedurende nagtelike ure gepleeg is. In 7 van die 10 moorde is arrestasies uitgevoer (70%), waarvan 3-5 oortreders in 4 sake gearresteer is.

Wat betref plaasaanvalle, is 18 produsente, 9 opkomende- of bestaansboere, 13 plaaswerkers en 1 veiligheidswag, 9 persone wat op plase/kleinhoewes woonagtig is en 'n persoon wat 'n plaas besoek het, is aangeval. In totaal het 59 persone, slagoffers van plaasaanvalle geword in die finansiële jaar 2021-2022. Die meeste plaasaanvalle word op 'n Maandag gepleeg (14), gevolg deur 'n Donderdag (12). Elf (11) van die plaasaanvalle was oor naweke gepleeg, vanaf Vrydae tot Sondag. 140 aanvallers het 51 plaasaanvalle uitgevoer, waar 4 insidente die getal oortreders tussen 2 tot 3 nie bygetel is nie. In 8 aanvalle, was daar tussen 5 tot 10 aanvallers, waar groot getalle aanvallers op plase opdaag ten einde aanvalle uit te voer. In 2 insidente was die getal aanvallers nie gemeld nie weens die terrein en dat dit gedurende nagtelike ure gepleeg was. In 22/51 plaasaanvalle was vuurwapens gebruik deur aanvallers. In 39 van plaasaanvalle was slagoffers meestal binne huise gedurende nagtelike ure aangeval, gewoonlik met geforseerde toegang tot die wonings. Selfone (20), kontant (17), vee (7) voertuie (5), en elektriese toerusting is meestal geteiken vanaf plase. In 12 aanvalle was voertuie gebruik om aanvallers na en van tonele te vervoer. In 19/51 van die plaasaanvalle was arrestasies uitgevoer (37.25%). Die hoë misdaad areas tov plaasaanvalle is Harrismith met 14 insidente, gevolg deur Bloemspruit met 5, Kroonstad en Virginia met 3 elk, Ficksburg, Fouriesburg, Mafube en Zastron met 2 elk. Nege-en-twintig (29) dorpe se boerdery gemeenskappe het plaasaanvalle en of -moorde gedurende die finansiële jaar 2021-2022 beleef.

In die vorige finansiële jaar 2020-2021 was daar 12 plaasmoorde en 61 plaasaanvalle, dus 'n totaal van 73 plaasmoorde/aanvalle in die Vrystaat. Daar was dus 'n aansienlike daling tov plaasaanvalle en -moorde in die Vrystaat as die finansiële jaar 2021/2022 met die van die vorige jaar vergelyk word.

2. Onwettige besetting van grond en moontlik protes wat verband hou met onlangse insidente in die Oos-Kaap

VL neem met sorg kennis van protes en geweld in die Kirkwood area op plase in die Oos-Kaap waar stakende plaaswerkers se versoek vir hoër salarisse opgeëindig het in brandstigting en kwaadwillige saakbeskadiging waar woonhuise en landerye afgebrand is en sekere boerderye blykbaar vernietig is.

Met verwysing na die Landelike Beveiliging Strategie (LBS) moet boere daarop let dat enige misdaad, en veral grondbesettings en betreding in 'n ernstige lig beskou moet word deur beide die polisie en boere, waar daar sekere voorskrifte alreeds vanaf die Polisie in plek gestel is om dit aan te spreek itv implementeringsriglyne. Grondbesettings en ernstige misdaad, soos wat dit in dië geval beskou word, regverdig 'n mobilisering en aktivering van die Landelike Veiligheidsplan in 'n area, ten einde oortreders so vinnig as moontlik te identifiseer en te arresteer. VL se "Grondbesetting Gebeurlikheidsplan" wat 7 punte bevat, is ook hier van belang. Hier kom opleiding weer ter sprake wat VL en LGV aanbied sodat alle boerderygemeenskappe ingelig is oor hoe om op te tree, ook tov wetlike aspekte wat ter sprake is.

VL het in die verlede herhaaldelik daarop gewys dat die SAPD se Nasionale Instruksie 7 van 2017 "Unlawful occupation of land and evictions" daarop dui dat "if information exists under oath that a person or persons are conspiring to invade land such person or persons may be arrested in terms of section 18(2)(a) of the Riotous Assemblies Act, 1956 (Act No. 17 of 1956)" – dit beteken dat inligting so gou moontlik met verskeie komponente in die SAPD geskakel word, waaronder POP, MI, Vispol en Speurders, waar arrestasies uitgevoer kan word.

Boere en veral veiligheidsverteenwoordigers van boereverenigings word versoek om so vinnig moontlik enige inligting aan hul streek veiligheidsverteenwoordiger, VL se Veiligheidslessenaar en ook aan die SAPD op plaaslike vlak te skakel, sodat dit voortydig aangespreek kan word. Kommunikasie kanale op plaaslike vlak met die Polisie se Stasiebevelvoerder, Landelike Veiligheidskoördineerder en die Distrik se bevelstruktuur is hier van kardinale belang ten einde vinnige reaksie vanaf boere en die polisie te verseker. Die Polisie op provinsiale vlak is alreeds gesensiteer rakende die aspek. Daar is nie enige inligting tans wat daarop dui dat soortgelyke voorvalle in die Vrystaat van stapel gestuur gaan word nie.

3. Kwaadwillige saakbeskadiging wat moontlik verband hou met brandstigting

Die Nasionale Wet op Veld- of Bosbrande maak voorsiening vir die regulering van en riglyne met betrekking tot wetgewing rondom veld- en bosbrande. Enige bewoner op staatsgrond moet by die Brandvereniging in daardie gebied aansluit en brandstroke voorberei, die nodige toerusting, beskermingsklere en opgeleide personeel hê om brande te blus. Boere word weer attent gemaak daarop dat hul bewus moet wees van moontlike brandstigting of kwaadwillige saakbeskadiging wat verband hou met brande wat op hul eiendom kan voorkom. Die goeie reën en toestande van die velde (lang grasse) kan die risiko vir brande verhoog veral in die winter maande.

Daar is verskeie kriminele oortredings wat met die Veld en -Bosbrandwet verband hou, 'n paar hiervan is:

- Enige persoon wat 'n vuur aansteek, gebruik of onderhou en of versuim om dit te blus voordat hy/sy die toneel verlaat;
- Enige grondeienaar, bewoner of persoon in beheer van grond wat versuim om redelike stappe te neem om 'n brand te blus/te beperk;
- 'n vuur op 'n padreserwe aansteek, gebruik of onderhou;
- Anders as in 'n kaggel vuur te maak; of
- 'n vuur aansteek vir 'n doel anders as om 'n brandstrook voor te bereik;
- Rook waar 'n kennisgewing aandui dat rook verbode is;
- Versuim om 'n brandstrook voor te bereik wanneer hy/sy verplig is om te doen; ens;
- Verhoed brandbeskermings beamptes, en ander om hul werk te verrig;
- Nalatigheid kan ook met verskeie oortredings ter sprake kom.

Brandstigting en kwaadwillige saakbeskadiging is kriminele oortredings en 'n brandstigting toneel moet as 'n misdad toneel beskou word, wat met die nodige erns beskerm en afgekordon moet word. Boere moet kennis neem dat sake geopen moet word by die naaste polisiestasie, en waar brande met opset gestig word, dat die aanvanklike toneel bewaar moet word vir polisie ondersoek. Sulke insidente moet onder die aandag van 'n veiligheidsvertegenwoordiger gebring word, vir die nodige opvolg met die Polisie. Die Polisie sal ook op provinsiale vlak weer versoek word om die distrikte en stasies te versoek om erns te maak met die tipe misdade.

4. Veediefstal aangeleenthede

Dit wil voorkom asof groter getalle vee gesteel word vanaf plase in die Vrystaat, wat in sekere geografiese areas geleë is. Die areas wat as hoe misdad areas tans beskou word, is Bethlehem, Brandfort, Deneysville/Oranjeville, Ficksburg, Fouriesburg, Heilbron, Ladybrand, Mafube/Reitz area, Vrede, Wepener, Zastron. Die polisie word op alle vlakke, veral Distrik- en Provinsiale vlak versoek om operasies te beplan en van stapel te stuur ten einde die tipe misdad effektief aan te spreek. Versoeke vir die monitering van sake, inkorporering van sake teen sekere beskuldigdes, asook die toetrede om borg te opponeer en in strafsake betrokke te

raad, ook groter betrokkenheid van die SANW om meer operasies in die grensareas van stapel te stuur, word deurlopend gedoen. Daar is tans opleiding in al die distrikte waar sigbare polisie-eenhede weer opgelei word ten opsigte van Art 6 en 8 van die Veediefstalwet veral toe die vervoer van vee, waar aktivering van die polisie gemonitor word ten einde dit aan te spreek.

Boere word versoek om so vinnig as moontlik wanneer hul agterkom dat hul vee gesteel is, dit aan te meld en ook op sosiale media groepe te versprei veral toe hoe die diere gemerk is (brandmerk, tatoeëring). Boere moet verseker dat werknemers wat in hul diens is, nie oor 'n kriminele rekord beskik nie, en kan ook poligraaf toets laat doen waar groot getalle vee gesteel is.